The Cradle of Hope

(Incorporated under Section 21) 2007/030236/08
NPO Number 062-511-NPO • PBO Number 930 027 742

P.O. Box 2648
NOORDHEUWEL
1756

Office : No. 3 Judy Place
23 Clew Road, MONUMENT
Krugersdorp

Cell : 082-459-5747 Melodie
Fax : 086-528-9914

E-mail : zac@thecradleofhope.org
Website : www.thecradleofhope.org

"COMPASSION WITHOUT BORDERS"

(NUUSBRIEF NOMMER 02/2009 – 24 Februarie 2009)

(PLEASE CLICK ON THIS LINK FOR THE ENGLISH VERSION)

Indien u 'n e-pos wil stuur gebruik asseblief een van die volgende e-pos adresse:

- ***Vir alle administratiewe doeleindes:***
  admin@thecradleofhope.org
- ***Vir alle finansiele doeleindes:***
  albertus@thecradleofhope.org
- ***Vir alle fondsinsamelings doeleindes asook alle donsasies:***
  melodie@thecradleofhope.org ***of***
  petra@thecradleofhope.org

Liewe vriende

Ons wil almal bedank wat op ons vorige nuusbrief gereageer het. As ons u nog nie gekontak het nie, wees groot asseblief geduldig. Die afgelope twee maande was verskriklik besig en ons het hard gewerk daaraan om ons stelsels in plek te kry, sodat ons voortaan op geoliede wiele sal kan hardloop.

1) "THE CRADLE OF HOPE KANTORE"

Ons is baie opgewonde om julle te kan meedeel dat ons "kantore" bekom het. Ons is tans besig om daar in te trek en sal vanaf 1 Maart 2009 daar begin werk. Ons kon eenvoudig net nie langer uit ons huise en studeerkamers uit werk nie. Die chaos was oorweldigend. Ons wil graag vir Mark en Frieda bedank vir hulle bereidwilligheid om vir ons 'n tuinwoonstel beskikbaar te stel, teen 'n baie billike huur-tarief. Die adres is nommer **62 Shannonweg, Noordheuwel, Krugersdorp**. Alle donasies kan ook asseblief voortaan hierheen geneem word. Skakel net asseblief voor u ons besoek sodat ons kan seker maak dat ons daar is om u te ontmoet.

2) "FINANSIELE DONASIES"

Ons wil graag al ons donateurs bedank vir julle onbaatsugtige hulp aan ons verskeie projekte. Sonder julle volgehoue finansiele ondersteuning

sou dit beslis nie vir ons moontlik gewees het om 'n daadwerklike verskil in soveel mense se lewens te gemaak het nie.

Net ter inligting vir ons bestaande / toekomstige donateurs, wil ons net weer die volgende onder julle aandag bring:

a) Ons is 'n geregistreerde nie-winsgewende maatskappy, met SARS belasting vrystelling.
b) Ons het magtiging vanaf SARS ontvang om donasie sertifikate aan alle donateurs uit te reik.
c) **'n Maksimum van tot 10% per jaar van *individue*, *maatskappye*, *beslote korporasies* en *trusts* se belasbare inkomste kan as 'n belasting aftrekking geeis word, mits u in besit is van 'n geldige donasie sertifikaat.**
   Met ander woorde, indien u 'n belasbare inkomste van R100 000-00 vir die belasting jaar het, kan u 'n maksimum aftrekbare donasie van R10 000-00 (10%) maak, waarop u dan tussen R1 800-00 tot R4 000-00 (18% - 40%) vanaf SARS sal kan terug ontvang.
d) Die belastingjaar vir individue sluit nou op **28 Februarie 2009**, en om onmiddellike voordeel te kan trek, moet die donasie aan ons **voor of op 28 Februarie 2009** gemaak word.

Sou julle belangstel om ons hierin te ondersteun, kontak ons asseblief dringend met u persoonlike besonderhede en die bewys van donasies aan ons gemaak vir die periode 01 Maart 2008 tot 28 Februarie 2009, om ons in staat te stel om die donasie sertifikaat aan u te kan uitreik.

Vir alle navrae rakende die donasies en belasting sertifikate kan u ons skakel tussen 09h00 en 12h00 op **082 459 5747** of stuur 'n e-pos aan ons Finansiele Direkteur by **albertus@thecradleofhope.org**

3) "BEE STATUS EN VERIFIKASIE VOORDELE"

Ons maatskappy voldoen aan al die vereistes om skenkings te kan ontvang sodat die maatskappy wat die skenking aan ons maak punte kan genereer op die **"BEE SCORE CARD"**.

Soos u seker sal weet, indien u 'n eie besigheid het, of vir 'n Maatskappy of BK werk wat vir **BEE** geakrediteer wil word, is daar 'n kategorie waar die Maatskappy tot 25 punte kan verdien deur by gemeenskaps projekte betrokke te raak. Afhangende van die besigheidssektor waarin die besigheid is, en van die **BEE** status wat die besigheid wil bereik, kan die besigheid 'n verskeidenheid punte verdien deur donasies aan organisasies soos ons s'n, **THE CRADLE OF HOPE**, te maak.

Dit is belangrik om te onthou dat indien u besigheid alreeds donasies aan ons gemaak het, of nog beplan om te maak, dat dit ook, benewens die vermindering van u belasting aanspreeklikheid, u besigheid sal kan help met die huidige **BEE** akkreditasie.

Stuur asseblief 'n e-pos aan ons Finansiele Direkteur by albertus@thecradleofhope.org indien u enige verdere besonderhede sou verlang, of skakel gerus met u eie **BEE** adviseur.

4) **"KRONINGSPARK STIMULERINGSGROEPIE"**

Ons het 'n rukkie geneem om aan die gang te kom as gevolg van talle logistieke probleme, maar dinge gebeur nou baie vinnig. Baie baie dankie aan almal wat van hulle laat hoor het, en wat bereid is om ons te help om hierdie kleuters te kan help. Baie dankie aan almal wat donasies gemaak het vir hierdie projek. Ons waardeer julle hulp opreg. Ons is baie opgewonde oor hierdie projek, en sal volledig verslag doen daaroor in 'n volgende nuusbrief.

Op **Saterdag 21 Maart 2009** beplan ons om baie hard te werk aan ons "stimulerings klassie". Ons wil die tuintjie mooi maak, die huisie verf, die klimapparate mooi regmaak en verf en sommer nog baie ander dinge ook doen. Baie dankie aan tannie Elmarie, Tannie Juanita en Tannie Corine wat hierdie reelings vir ons tref. Ons gaan beslis hulp nodig he, en as u graag betrokke wil raak, kom help gerus. Ons wil u baie graag ontmoet.

5) **"TRAGEDIE BY KRONINGSPARK TENTDORP"**

Baie van u het seker al gehoor van die verskriklike tragedie wat die tentdorp getref het op Saterdag 14 Februarie 2009. Net na 20h00 het Emmie (27) op haar bed gesit en TV kyk. 'n Groot bloekomboom het omgeval en bo-op Gerrie en Emmie se huisie geval. Emmie is ongelukkig oorlede. Genadiglik was daar niemand anders wat seergekry het nie. Emmie se dogtertjie, Vanessa (8) gaan voortaan by haar oupa Jan en Ouma Santie woon. Hulle woon ook in die Kroningspark tentdorp.

Ons wil graag almal bedank wat gehelp het met gebede, fondse, ander donasies, begrafnis reelings, blomme ens. Baie dankie aan almal wat 'n draai by die tentdorp kom maak het om meegevoel te betuig, 'n drukkie te kom gee, eetgoedjies afgelewer het ens. Emmie is op Donderdag 19 Februarie 2009 ter ruste gele in die Wespark

begraafplaas. Baie dankie ook aan Pastoor Jakes Joubert wat die diens waargeneem het, asook gehelp het met al die logistieke reelings rondom die begrafnis.

Baie baie baie dankie nogmaals vir al julle liefde, hulp, bystand asook julle belangstelling in ons projekte. Ons beplan **GROOT** dinge vir die toekoms, maar sonder julle hulp kan ons dit onmoontlik regkry. Ons is tans baie opgewonde oor ‘n **baie groot projek** wat ons wil onderneem, maar meer hieroor in ‘n latere nuusbrief. En dan natuurlik gee ons alle eer aan ons Hemelse Vader, deur wie se krag ons tot alle dinge instaat is. **Ons Here is voorwaar getrou!!**

Ons belofte vanaf GOD, soos aan Melodie gegee op 19 November 2006, is:
Jesaja 45:2 - “Ek self sal voor jou uit gaan en hoogtes gelykmaak; koperdeure sal Ek verbreek en ystergrendels stukkend slaan, en Ek sal jou die skatte gee wat in die donkerheid is en die verborge rykdomme, sodat jy kan weet dat Ek die Here is wat jou by jou naam roep, die God van Israel.....”

CRADLE LIEFDE

Petra Swiegers en Melodie van Brakel
THE CRADLE OF HOPE
Petra SEL: 083 267 7707
Melodie SEL: 082 459 5747

Besoek gerus ons webblad by: www.thecradleofhope.org